

SONDAGOGGEND 19 SEPTEMBER 2021

'n Kind van die Koning

Ons het die afgelope twee kwartale saam met Jesus se dissipels aan Sy voete gesit, toe Hy Sy volgelinge in die laaste paar ure van Sy lewe as mens op aarde geleer het. Hy het hulle eers geleer en toe sluit Hy die aand, net voor Sy arrestasie af, met een van die wonderlikste gedeeltes in die hele Bybel, Johannes 17. As jy die reeks gemis het, gaan gerus na ons webblad en volg dit daar.

Kom ons lees nou Jesus se laaste deel van die gebed en die afsluiting van Sy laaste aand as mense op aarde.

Johannes 17:20-26

“Ek bid egter nie net vir hulle nie, maar ook vir dié wat deur hulle woorde tot geloof in My sal kom. 21 Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. 22 Die heerlikheid wat U My gegee het, het Ek ook aan hulle gegee, sodat hulle een kan wees net soos Ons een is: 23 Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees, sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefhet net soos U My liefhet. 24 “Vader, Ek wil graag hê dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook by My moet wees, sodat hulle my heerlikheid kan sien, die heerlikheid wat U My gegee het omdat U My al voor die skepping van die wêreld liefgehad het. 25 “Regverdige Vader, die wêreld ken U nie, maar Ek ken U, en hulle hier weet dat U My gestuur het. 26 Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak, en Ek sal dit verder bekend maak, sodat die liefde wat U aan My bewys het, in hulle kan wees en Ek ook in hulle.”

Ek het verlede week afgesluit met Johannes 17:17, kom ons lees dit net weer.

Johannes 17:17

Laat hulle aan U toegewy wees deur die waarheid. U woord is die waarheid.

Heilig hulle/Sanctify them

to cause someone to have the quality of holiness

to be set apart for God

to make a person the opposite of common

Die Oxford woordeboek sê "Common" beteken

the ordinary or common people, as opposed to the royalty

'n Commoner is iemand sonder 'n titel. Maar ons is die nie. Want die oomblik as jy kies om God te glo en in Hom te glo, om te glo dat Jesus vir ons versoening tussen God en ons kom bewerk het, word jy 'n kind van God. En dis ons titel. Ons Pa is die Koning, en dit maak ons koningskinders. Dit maak ons nie beter as ander nie, dis juis waarom Jesus in die laaste oomblikke vir Sy dissipels en ons bid.

Johannes 17:15

Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld moet wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose moet bewaar.

Ons behoort nie aan die wêreld, want sê Jesus ons behoort nou aan God, maar ons woon nog in die wêreld. Met ander woorde as koningskinders, woon ons tussen die gewone mense en wêreld, die commoners. Ons nie gevrywaar van die bese en die swaarkry en slegte dinge van hierdie wêreld nie. Ons word ook siek, beleef ook hartseer, trauma, en pyn. Ons mense gaan ook dood en ons gaan ook dood, soos enigeen van die Britse koninklike familie. Ons word ook aan sonde blootgestel en daaglik versoek, daarom bid Jesus juis, bewaar hulle van die bese. Maar ons leef soos iemand wat waardige koningskinders is, anders, as die res van die wêreld.

Hoor hoe beskryf Petrus die posisie van kinders van God.

1 Petrus 3:9

Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God.

Dis wie ons. Nou bid Jesus.

Johannes 17:20

*"Ek bid egter nie net vir hulle nie, maar ook vir **dié wat** deur hulle woorde tot geloof in My sal kom.*

Wie is die “dié wat?”

Dis ons. Jesus sê: “*Ek bid nie net vir hierdie dissipels hier voor My nie, maar vir hulle wat deur die woorde aangaande My tot bekering sal kom.*” Dis al die gelowige daarna. Hier die gebed is ook vir jou en my! Wonderlik om te weet dat Jesus vir Sy volgelinge oor grense heen en oor eeue heen, bid.

Wat kry hulle?

Ek gaan min sê, dat Jesus deur Sy Woord met jou praat, asof jy daar is.

- **Liefde tot die uiterste**

Johannes 13:1b

Hy het sy eie mense wat in die wêreld is, liefgehad, Hy het hulle tot die uiterste toe liefgehad.

Johannes 15:9

Soos die Vader My liefhet, het Ek julle ook lief. Julle moet in my liefde bly

- **'n Plek in die hemel**

Johannes14:2-3

In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. 3En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.

- **Die Heilige Gees**

Johannes 14:16-17a

Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees, 17naamlik die Gees van die waarheid.

Johannes 14:26

Wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.

- **Goddelike vrede**

Johannes 14:27a

Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie.

- **Haat van die wêreld**

Johannes 15:19b

Omdat julle egter nie aan die wêreld behoort nie, maar Ek julle uit die wêreld uitgekies het, daarom haat die wêreld julle.

- **Jesus se blydschap**

Johannes 16:22b

As Ek julle weer sien, sal julle harte vol blydschap wees, en niemand kan julle blydschap van julle af wegneem nie.

Johannes 17:13

“Maar nou kom Ek na U toe. En Ek sê dit terwyl Ek nog in die wêreld is, sodat hulle my blydschap in al sy volheid in hulle kan hê.

- **Ewige lewe**

Johannes 17:2-3

U het Hom immers die volmag oor die hele mensdom gegee om aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe te gee. 3En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is.

- **God se bewaring**

Johannes 17:11b

Heilige Vader, bewaar hulle in u Naam, die Naam wat U My gegee het, sodat hulle net soos Ons een kan wees.

Romeine 8:38-39

Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.

Johannes 17:15

Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld moet wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose moet bewaar.

- **God se Woorde**

Johannes 17:14

Ek het u woord aan hulle gegee

- **Heiligmaking**

Johannes 17:17

Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid.

Kry die prentjie as jy kind van God is kry jy baie meer as net versoening met God, en die ewige lewe. Jy kry toegang tot al die voordele van kind van God wees. Jy het vrye toegang tot in die teenwoordigheid van die enigste lewende God. Jou Vader. God is jou Vader.

- **God is ons Vader**

Romeine 8:14-17a

Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God. 15Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang

wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: "Abba!" Dit beteken Vader. 16Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is. 17En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename.

Ek het aan die begin in vers 20 geles dat Jesus bid vir dié wat - (ons) wat later met God versoen sal word en kinders van God word. En toe het ek die prentjie geskets wat jy alles kry as jy 'n kind van God word. En daar is meer

- **Een met God**

Johannes 17:21

Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees,

God wil aan ons vanoggend 'n amazing waarheid kom openbaar. Kyk mooi na die woorde van Jesus.

Wat bedoel Jesus met *dat hulle almal een mag wees?*

dat hulle almal een mag wees

Ons behoort! Ons behoort aan God, maar ons is ook deel van die familie, die "royal family" van God. As kinders van God:

- Is ons almal deur dieselfde bloed van Jesus vrygekoop van ons sondes
- En is ons almal wat glo versoen met een en dieselfde God. God kyk na my en sien Sy kind raak en Hy kyk nou jou wat glo en Hy sien Sy kind raak en Hy kyk na Christene, in ander kerke, wat glo, en sien Sy kind raak.
- Ons almal gaan na dieselfde hemel toe. Daar is nie 'n hemel vir Charismate, Pentecostals, en Gereformeerdes en al die ander kerke nie. Vir die wat in die wegraping of groot doop glo en vir die wat nie daarin glo nie, en wat kinders klein doop nie. Ons is met al ons verskille op pad na dieselfde God en dieselfde hemel.
- Ons almal het saam een gemeenskaplike vyand, die duiwel en sonde en die dood.

- Jesus bid dat ons een sal wees as familie van God. Hy bid nie dat ons eners moet wees nie, maar dat ons met ons verskille een in God sal wees.

Hoe?

net soos U, Vader, in My is en Ek in U,

Dit is Jesus se gebed dat ons verby ons verskillende manier van die verstaan van ons aanbidding en manier van kerk hou en kerk wees, en dat ons een moet wees, soos wat Jesus in Vader is en Vader in Hom is. Dis die volmaakte prentjie van eenheid. Nooit ooit hoef ons na mense te kyk om te verstaan wat dit is om een te wees. Een God, drie persone, Vader, Seun en Heilige Gees. In harmonie. In volmaakte liefde, vrede en vreugde. En daarom bid Jesus verder.

dat hulle ook in Ons mag wees,

Dit is die gemene deler vir elke kind van God.

- Dat ek en jy wat glo, met al ons foute en al voorveronderstellings almal gelyk saam in God mag wees.
- Dat ons almal gelyke hoeveelhede van God se liefde, Sy genade, Sy vergifnis, Sy genesing ontvang het, want Jesus is die **“Game Changer,”** die gelykmaker.

As God na ons kyk sien Hy eers Jesus.

Wat beteken dit dan om in God te wees?

- Om in God te wees, beteken dat ons Sy aanbod as betaling vir ons eie sonde aanvaar het.
- Om in God te wees beteken dat elke sondige gedagte, houding of daad wat ons ooit gepleeg het, in Christus vergewe is.
- Om in God te wees beteken dat God nie meer ons onvolmaakthede sien nie; Hy sien die versoening wat Jesus bewerkstellig het en daarom laat Hy ons “in Hom” toe.

Het jy al ooit uit gevoel? Nie by God nie. Daar is mense wat dink hulle is nie goed genoeg om deur God aanvaar te word nie. Die Bybel trek vanoggend ’n streep daardeur. As jy kind van God is, is jy “in.” In by God en in by Jesus.

En dan sê Jesus waarom Hy bid dat almal een sal wees.

Johannes17:21b

sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.

God dink nooit klein nie, Hy dink altyd wêreld. Johannes 3:16 sê God het die wêreld so lief gehad dat Hy Sy enigste Seun gegee, sodat die wat glo nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. En dit is Jesus hart om jou en my met God te versoen, en om ons te oorlaai met al Sy oorfloed van goedheid en Godheid, sodat ons dit kan vertoon aan die wêreld.

Die feit dat Jesus ons stuur na 'n wêreld wat verlore gaan is 'n ongelooflik konsep. Dit impliseer so baie

- Jy het iets om aan iemand anders te bied.
- God sien jou bydrae as belangrik.
- Daar is mense wat van jou getuienis afhanklik is.
- Jy het invloed, jy het 'n verantwoordelikheid.
- Jy is uniek.
- Jy is Sy kind wat graag van Hom behoort te wil vertel.

Daarom bid Jesus verder en hou dit wat ons ontvang net nie op nie.

- **Sy heerlijkheid**

Johannes 17:22-24

Die heerlijkheid wat U My gegee het, het Ek ook aan hulle gegee, sodat hulle een kan wees net soos Ons een is: 23 Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees, sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefhet net soos U My liefhet. 24 "Vader, Ek wil graag hê dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook by My moet wees, sodat hulle my heerlijkheid kan sien, die heerlijkheid wat U My gegee het omdat U My al voor die skepping van die wêreld liefgehad het.

Sjoe Jesus kan nie genoeg van wie Hy is met Sy dissipels en met ons wat met God versoen is gee nie.

Wat is Sy heerlijkheid?

Onthou ek het gesê dat die woord heerlijkheid kan vertaal word “**glorious greatness.**” Jesus wil Sy “**glorious greatness**” vir almal wat in Hom glo, deel.

Wie se heerlijkheid is dit? Jesus sê die heerlijkheid wat U my gegee het. Dis Vader se “**glorious greatness**” wat in Jesus is wat Hy ook vir ons wil gee.

Hoe lyk God se “**glorious greatness**” in Jesus?

- 'n Nederige geboorte in 'n krip.
- Iemand wat Sy posisie prys gegee het ter wille van ander, verlore sondaars, mense wat God in die rug steek.
- Stukkend geslaan aan die kruis ter wille van ander.
- Verlate van God, ter wille van ons, my en jou sondes en die sondes van die wêreld.

Jesus se “**glorious greatness**” word juis vertoon deur Sy radikale opoffering en 'n vuil voete was in liefde. Hoe lyk Jesus se “**glorious greatness,**” in my en jou, presies die teenoorgestelde van die wêreldse selfverheerliking en grootpraterigheid en eie-ek van die mens.

Hoor wat sê Paulus.

2 Korintiërs 3:18

Ons almal weerspieël die heerlijkheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlijkheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is.

Ek en jy is ontvangers van Jesus se “**glorious greatness,**” of jy dit wil weet of nie. Dit is wat jy daarmee maak. Groei jy as “**royal**” kind van God deur Jesus se “**glorious greatness**” te vertoon in nederigheid, diensbaarheid, selfbeheersing, liefde, vrede, vreugde, goedhartigheid, vriendelikheid.

Die geskenke hou net nie op nie. Jesus het Sy gesprek in die bo-vertrek waar Hy daardie laaste aand geëet het begin met 'n verklaring van Sy liefde, liefde tot die “max.” Hoor hoe sluit Hy die aand af.

Johannes 17:26

Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak, en Ek sal dit verder bekend maak, sodat die liefde wat U aan My bewys het, in hulle kan wees en Ek ook in hulle."

Wie se liefde is in Jesus? God s'n. **"Unbeatable,"** onveranderlike, onbeskryflike, onophoudelike, 100% van die tyd, 100% liefde van God is in Jesus. En dit gee Vader vir Jesus en Jesus gee dit vir Sy dissipels en vir ons wat glo.

Ongelooflike, nee gelooflik, wonderlike prentjie van Koningskinders, ons is nie commoners nie. Ons is eenkant neergesit vir God as Sy kinders.

Wat kry hulle? /Who do they get?

- Liefde tot die uiterste/Love to the max
- 'n Plek in die hemel/A place in heaven
- Die Heilige Gees/The Holy Spirit
- Goddelike vrede/Godly peace
- Haat van die wêreld/Hate of the world
- Jesus se blydschap/Jesus' joy
- Ewige lewe/Eternal life
- God se bewaring/God's protection
- God se Woorde/God's Words
- Heiligmaking
- God is ons Vader/God is our Father
- Een met God/One with God
- Sy heerlijkheid/His glory

Dan sê die Woord

Romeine 8:31

Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dít: God is vir ons, wie kan dan teen ons wees?

Daarop kan ons op een van twee manier antwoord.

Ons kan dit hoor en dit kan niks aan ons doen nie. Ons kies om ons koninklike titel te ontken of te misken. Ons het so in die afgelope tyd gelees van Harry en Megan wat so graag net commoners wil wees.

Of jy kan uit dankbaarheid dit weer opnuut aangryp en jou opnuut verbind aan God en Sy Koninklike familie en die Heilige Gees vra om jou te wys waar tree jy nie waardig genoeg op as kind van die Koning nie. Vra Hom dan te help om daardie gedrag te verander, sodat jy die “**glorious greatness**” van ons God kan vertoon, sodat die wêreld sal glo.